

Die Hervormer

Amptelike mondstuk van die
Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika



Mei 2012



Niks kan ons skei nie...

Lees binne...

- Die hemelvaart van Jesus en sy koningskroon – 1
- Nuwe bronteksgeoriënteerde Afrikaanse Bybelvertaling – 3
- Gemeente Potchefstroom 170 jaar – 4
- Die gesag van die Protestantse kanon – 7

In hierdie uitgawe

- Bl 1 Die hemelvaart van Jesus en sy koningskroon (Prof Andries van Aarde)
- Bl 2 **Van die redakteur, dr André Ungerer**
Aan die regterhand van God, die almagtige Vader
- Bl 3 **Aktuele sake**
'n Nuwe brontekstegeoriënteerde Afrikaanse Bybelvertaling (Ds Gerrit Kritzinger)
- Ble 4-5 **Kerkwerf**
Gemeente Potchefstroom 170 jaar (Ds Willem Kok)
Philadelphia se studente maak 'n verskil (Lizaan Britz)
Bybelgenootskap groet 'n staatmaker (Ds Wilhelm Steyn)
Beroepe aanvaar
Toerusting
- Bl 6-7 **Gespreksforum**
Kennis maak verwaard, liefde bou op (Dr Daan van Wyk sr)
Erediensmaak is nie maklik nie (Prof Bieks Beukes)
Die gesag van die Protestantse kanon (Prof Ernest van Eck)
Ons belewenis van die dosente (Johan Delpont en Wilco Beukes)
- Agterblad **Oordenking**
Jesus se weggaan belooft sy weerkoms (Ds Leon Geel)

Aan die regterhand van God, die almagtige Vader

Dr André Ungerer, redakteur, skryf: Wanneer Jesus aan die regterhand van God plaasneem, dui dit op die voorspraak wat Hy vir ons by die Vader doen. Aan die Vader se regterhand is Christus ook uitvoerend betrokke by die voorsienigheid van God vir hierdie wêreld. In lyn met die Nederlandse Geloofsbelijdenis (NGB) artikel 13, glo ons dat Christus intens betrokke is by alles in die skepping en dat niks aan toeval of geluk oorgegee is nie. Dat alles volgens sy wil só bestuur en regeer word dat niks sonder sy beskikking gebeur nie.

Maar is God dan die bewerker van alles wat ter plaatse skeefloop? Die NGB is baie duidelik hieroor dat God nie die bewerker van sonde is nie en nie die skuld daarvoor hoef te dra nie. Dit is die mens wat hom deur die bose laat mislei, en dit word sigbaar in sy goddelose handelinge. Daarvan is die sieklike magsug, hebsug en grypsug, om maar enkele voorbeelde te noem, sprekende voorbeelde.

Ons weet dat niks vir God onkant betrap nie, al lyk dit vir ons of dinge buite beheer is. In elke opsig is Hy in beheer en elke situasie plooi Hy na sy wil, al kan ons nie nou die doel van alles verstaan nie. Christus werk in mense, deur mense, oor mense heen en wanneer nodig – ten spyte van mense. Só werk Hy steeds in die raadsale van die land, in elke struktuur, in elke kerk en gemeente. Sy primêre oogmerk is sy koninkryk en die uitbreiding daarvan in hierdie wêreld. Hy het 'n volledige beeld van waarheen Hy met hierdie wêreld onderweg is. Ons sien soms net brokkies van sy wil, en daarom kan ons nie anders nie as om te weet dat sy wil volkome sal voltrek.

Die hemelvaart van Jesus en sy koningskroon

Prof Andries van Aarde skryf dat ons belydenisse oor Jesus Christus die één verlossingsdaad van God verkondig vanuit verskillende perspektiewe en fasette, soos 'n weerkaatsende diamant. Dit was vir Calvyn belangrik dat die belydenis oor Jesus se begrawe wees uitgebrei is met die toevoeging *ter helle neergedaal* én met *opgevaar na die hemel*. Neerdaal is die onderste, die diepste erkenning dat God ons in en deur Jesus Christus verlos, selfs wanneer ons ons verlorenheid as 'n finaliteit in wanhoop beleef. Ook in die wanhoop bly God se hand reddend na ons uitgesteek. Calvyn help ons om ons belydenis te verstaan dat daar niks is wat só 'n hel kan wees dat ons nie deur God, die almagtige Vader, opgetel sal kan word nie.

Ons belydenis oor Jesus se hemelvaart wil daarom nie ons aandag vestig op 'n geografiese konstellasie van hel onder en hemel bo die aarde nie. Dit is veel meer 'n belydenis van 'n gelowige worstelaar wat God se verhoging vanuit die diepste ellende aanvaar en glo dat God red. Daarom sê Luther dat die neerdaal die eerste fase van ons verhoging is om saam met Christus te wees. Nie meer sonder koningskroon nie, maar met koningskroon.

Die belydenis dat ons glo in Jesus Christus wat opgevaar het na die hemel, is dus nie natuurwetenskap nie, Die herkoms daarvan kom uit poësie en dit het deel van veral die liturgie van die kerk geword. Die later toegevoegde deel *en sit aan die regterhand van God die almagtige Vader* is deur invloedryke vroeë kerkvaders as beeldspraak verstaan. Ander kerkvaders wou hierdie belydenis nie letterlik verstaan nie, maar geestelik. Hoe dit ook al sy, metafories en/of geestelik, die lofsang oor Jesus se hemelvaart gaan ver terug en is geleen uit veral *koningspsalms* soos Psalm 110: 1, Psalm 146: 10 en Psalm 8: 7, maar ook uit Ou-Testamentiese gedeeltes soos 1 Kronieke 28: 5 en Daniël 7: 9-14.

'n Nuwe bronteksgeoriënteerde Afrikaanse Bybelvertaling

Dit het onder die aandag van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) gekom dat daar skrywes per e-pos die rondte doen wat mense versoek om teen die Afrikaanse Bybelvertaling wat tans onderneem word, op te tree.

Die rede wat aangevoer word, is dat die vertaling *Jesus Christus, die Seun van God, as 'n gewone mens omskryf* asook dat die vertaling *beoog om Jesus Christus totaal en al uit die messiaanse profesieë uit te vertaal, deur kleinletters te gebruik in plaas van groot letters*. Verder word gesê: *Met Jesus Christus uit hierdie nuwe vertaling (2016) word die Godheid van Jesus Christus totaal en al wegvertaal*, en kan enige (New Age) god nou in hierdie Skrifgedeelte ingeredeneer word.

Die BSA wil hom ten sterkste teen hierdie e-posse uitspreek aangesien dit van alle waarheid ontbloot is. Hierdie aantygings word in 'n baie ernstige lig beskou.

Die vertaalopdrag wat opgestel is in medewerking met die kerke is: *Skep 'n goed verstaanbare bronteksgeoriënteerde Afrikaanse vertaling wat geskik is vir voorlesing en gebruik in eredienste, asook vir kategetiese, Bybelstudie en persoonlike gebruik*. Dit word verder omskryf as 'n vertaling wat 'n getroue weergawe van die betekenis van die bronteks moet wees, terwyl beelde, metafore, styl en struktuur van die bronteks so ver moontlik behou moet word. Die vertaling moet van hoë letterkundige gehalte en goed verstaanbaar wees. Verklarende voetnotas moet gebruik word om inligting te voorsien wat nie in die vertaling self voor die hand liggend is nie.

Dit is heeltemal onaanvaarbaar dat mense oningeligte en onwaar aannames per e-pos versprei. Besoek asseblief die webtuiste van hierdie vertaling www.nuwekerkbybel.co.za vir die korrekte inligting.

Ander berigte

Lees oor **Gemeente Potchefstroom** wat gedurende Maart sy 170-jaar-viering gehad het, en die entoesiastiese studente van **Gemeente Philadelphia** se fietstoer om geld vir liefdadigheid in te samel. Daar is ook 'n berig oor **ds Tony Simpson** wat na baie jare se vrywillige diens by die Bybelgenootskap nou finaal uitgetree het, en 'n interessante **dialog** tussen twee toonaangewende teoloë van die Hervormde Kerk oor hoe ons vandag die Bybel lees. **Ds Leon Geel** wys ons in die Oordenking daarop dat Jesus se weggaan vir ons die belofte van sy weerkoms inhou.